2. Hierdie permit verleen geen waarborg dat die verskepingsruimte vir die uitvoer vanaf die Unie van die goedere hierin genoem beskikbaar sal wees nie of dat die hierin gespesifiseerde goedere die bedoelde bestemming sonder ophou sal bereik nie.
3. Ten opsigte van goedere vir uitvoer per spoor vir verskeping van die hawe van Lourenco Marques, moet hierdie permit in duplikaat uitgereik word, die duplikaat-afskrif moet aan die Spoorweg- of Doeanebeampte geëndosseer word by die stasie van afsending as hulle magtiging vir die ontvangs van die goedere. Die oorspronklike moet deur die uitvoerder aan die Ontvanger van Unie-Doeane, Posbus 1158, Lourenco Marques, gestuur word.
4. Ten opsigte van goedere vir uitvoer per spoor of pad na enige gebied in Afrika moet hierdie permit aan die Doeane- en/of Spoorwegbeamptes tesame met die Uitklaringsvorm voorgelê word.

1. This permit must be produced to the Customs or Railway Authorities when the Bill of Export form is presented in respect of the goods to be exported from the Union including the Port of Walvis Bay. No shipping order will be issued unless the permit is so produced.
2. This permit carries with it no guarantee that shipping space will be available for the conveyance from the Union of the goods detailed herein or that the goods specified herein will reach their intended destination without interruption.
3. In respect of goods to be exported from the Union by rail for shipment from the port of Lourenco Marques, this permit will be issued in duplicate, the duplicate copy being endorsed to the Railways or Customs Officials at the despatching station as their authority for the acceptance of the goods. The original should be forwarded by the exporter to the Collector of Union Customs, P.O. Box 1158, Lourenco Marques.
4. In respect of goods exported by rail or road to any African Territory, this permit must be produced to the Customs and/or Railway authorities together with an Export Form.

AANHANGSEL II.—ANNEXURE II.

VEE- EN VLEISREËLINGSKEMA.—LIVESTOCK AND MEAT CONTROL SCHEME.

AANSOEK OM BEESHUIDE/-VELLE UIT TE VOER.—APPLICATION FOR THE EXPORT OF CATTLE HIDES/SKINS.

(Gerig te word aan die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede, Posbus 1357, Pretoria.)

(To be submitted to the Livestock and Meat Industries Control Board, P.O. Box 1357, Pretoria.)

Datum van aansoek
Date of application

No. van aansoek (deur Beheerraad aangebring te word)
No. of application (to be given by Control Board)

Naam en adres van applikant:
Name and address of applicant:

Naam en adres van ontvanger:
Name and address of consignee:

Voorgestelde datum van uitvoer
Proposed date of export

Bestemming
Destination

Uitvoerhawe
Port of export

Merke en No. op pakkette
Marks and No. on parcels

Beskrywing. Description.	Getal bondels. No. of Bundles.	Getal huide/velle. Number of Hides/Skins.	Gewig van huide/velle. Weight of Hides/Skins.	Opmerkings. Remarks.

Applikant.—Applicant.

LET WEL:

(1) Aansoekvorms moet *òf in tikskrif òf in blokhoofletters in ink* ingevul word.
(2) *Aansoekvorms waarop veranderings is of waarop uitgevee is, of wat nie volledig ingevul is nie, sal nie in aanmerking geneem word nie.*
(3) As 'n applikant vir 'n permit onjuiste informasie in verband met sy aansoek verstrek kan so'n aansoek of enige toekomstige aansoek wat deur *dieselfde applikant gemaak word, geweier word.*
(4) Geen aansoek sal oorweeg word tensy die applikant aan al die vereistes betreffende die aflewering van huide of velle aan plaaslike looiers wat in werking is ten tye van die applikasie voldoen het nie.

NOTE.

(1) Applications must be completed either *in typescript or in block capitals in ink.*
(2) *Applications which contain alterations or erasures or which are not fully completed, will not be considered.*
(3) If an applicant for a permit supplies any false information in connection with his application, the application and any future application *made by the same applicant may be refused.*
(4) No application will be considered unless the applicant has complied with any requirements relating to delivery of hides or skins to local tanners which may be in force at the time of application.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

✱ No. 1894.] [22 Augustus 1952.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde kragtens artikel *veertien* (6) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig deur die Wysigingswette op Standaarde, 1948 (Wet No. 19 van 1948) en 1951 (Wet No. 33 van 1951), met die Minister van Ekonomiese Sake se goedkeuring, die volgende gelde ten opsigte van permitte om die standaardmerk op handelsware aan te bring, vasgestel het:—

S.A.B.S.-spesifikasie No. *S.A.B.S. Specification No.*	Kort titel. *Short Title.*	Eenheid. *Unit.*	Jaargeld per eenheid bereken tot die naaste kwarteenheid. *Annual Fee per Unit calculated to the nearest Quarter Unit.*
			£ s. d.
327–1952.....	Tafelsout/*Table salt*.....	100 ton/*tons*.....	1 5 0
328–1952.....	Suiwel- en kombuissout/*Dairy and household salt*.....	100 ton/*tons*.....	1 5 0
329–1952.....	Pekelsout vir groente/*Vegetable brining salt*.....	100 ton/*tons*.....	1 5 0
330–1952.....	Sout vir die verduursaming van vleis en vis/*Meat and fish curing salt*	100 ton/*tons*.....	1 5 0
331–1952.....	Veesout/*Stock salt*.....	100 ton/*tons*.....	1 5 0
332–1952.....	Sout vir nywerheidsgebruik/*Salt for industrial use*.....	100 ton/*tons*.....	1 5 0
333–1952.....	Sout vir die verduursaming van huide/*Hide curing salt*.....	100 ton/*tons*.....	1 5 0
334–1952.....	Sout vir springstowwe/*Salt for explosives*.....	100 ton/*tons*.....	1 5 0
396–1952.....	Sinkchromaatgrondverf vir olyfgroenemalje/*Zinc chromate primer for olive green enamel*	80 gallon/*gallons*.....	1 0 0

✱ No. 1895.] [22 Augustus 1952.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, kragtens artikel *veertien* (6) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig deur die Wysigingswette op Standaarde, 1948 (Wet No. 19 van 1948) en 1951 (Wet No. 33 van 1951), met die Minister van Ekonomiese Sake se goedkeuring, die volgende gelde ten opsigte van permitte om die standaardmerk op handelsware aan te bring, vasgestel het:—

No. van oorsprinklike spesifikasie. *No. of Original Specification.*	No. van hersiene spesifikasie. *No. of Revised Specification.*	Kort titel. *Short Title.*	Eenheid. *Unit.*	Jaargeld per eenheid bereken tot die naaste kwarteenheid. *Annual Fee per Unit calculated to the nearest Quarter Unit.*
				£ s. d.
S.A.B.S. 9–1948...	S.A.B.S. 9–1951..	Her-geraffineerde motorolie/*Re-refined motor oil*..	1,000 gallon/*gallons*	1 10 0
S.A.B.S. 12–1948..	S.A.B.S. 12–1950.	Drukkersmetaal/*Printers' metal*.....	10 ton/*tons*.....	3 10 0
S.A.B.S. 13–1948..	S.A.B.S. 13–1951.	Was-vloerpolitoere, oplosmiddeltipe, vloeivaar en pasta/*Wax floor polish, solvent type, liquid and paste*	20 ton/*tons*.....	7 10 0
S.A.B.S. 15–1948..	S.A.B.S. 15–1951.	Was-vloerpolitoere, emulsietipe, vloeibaar en pasta/*Wax floor polish, emulsion type, liquid and paste*	20 ton/*tons*.....	7 10 0
S.A.B.S. 335–1951.	S.A.B.S. 335–1952	Met oplosmiddelgeskeide sardynolie/*Solvent segregated pilchard oil*	1 ton.....	0 7 6

✱ No. 1896.] [22 Augustus 1952.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde op sy ses-en-sewentigste vergadering, gehou op 23 Junie 1952, onderstaande spesifikasies gewysig het, en dat Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake die behoud van die

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

✱ No. 1894.] [22 August 1952.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards has, in terms of section *fourteen* (6) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended by the Standards Amendment Acts, 1948 (Act No. 19 of 1948) and 1951 (Act No. 33 of 1951), with the approval of the Minister of Economic Affairs, determined the following fees in respect of permits to apply the standardization mark to the commodities mentioned:—

(See above for the table.)

✱ No. 1895.] [22 August 1952.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards has, in terms of section *fourteen* (6) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended by the Standards Amendments Acts, 1948 (Act No. 19 of 1948), and 1951 (Act No. 33 of 1951), with the approval of the Minister of Economic Affairs, determined the following fees in respect of permits to apply the standardization mark to the commodities mentioned:—

(See above for the table.)

✱ No. 1896.] [22 August 1952.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards, at its seventy-sixth meeting, held on the 23rd of June, 1952, amended the specifications listed below, and that the Honourable the Minister of Economic Affairs has approved

S.A.B.S.-ellips-standaardmerk, waarvan 'n afdruk hieronder verskyn, ten opsigte van die gewysigde spesifikasies goedgekeur het.

the retention of the S.A.B.S.-ellipse standardization mark, an imprint of which appears below, in respect of the amended specifications.

S.A.B.S.-spesifikasie No. *S.A.B.S. Specification No.*	Kort titel. *Short Title.*	Bestek van wysiging. *Scope of Amendment.*
207–1949.....	Ingemaakte Oxford-worsies/*Canned Oxford sausages*.....	Die volgende is hoofsaaklik gewysig:— Die titel, woordbepaling, die gebruik van nitriet, soetmaakmiddels, vulstof, vereistes wat betref samestelling, vereistes in verband met bestanddele en die metodes vir die bepaling van die nitriet en die gedreineerde gewig van die inhoud. *The following have mainly been amended:— The title, definition, the use of nitrite, sweetening ingredients, filler, composition requirements and methods for the determination of the drained weight of contents and nitrite.*
208–1949.....	Ingemaakte Cambridge-worsies/*Canned Cambridge sausages*	
209–1949.....	Ingemaakte varkworsies en ingemaakte Chipolata-skemerpartyworsies/*Canned pork sausages and canned Chipolata cocktail sausages*	
210–1949.....	Ingemaakte beesworsies/*Canned beef sausages*.....	
211–1949.....	Ingemaakte Weense worsies (ingemaakte Frankfortse worsies)/*Canned Vienna sausages (canned Frankfurter sausages)*	
212–1949.....	Ingemaakte Weense tipe worsies (ingemaakte Frankfortse tipe worsies)/*Canned Vienna style sausages (canned Frankfurter style sausages)*	
213–1949.....	Ingemaakte varkrol/*Canned pork luncheon roll*.....	
214–1949.....	Ingemaakte vark-en-beesrol/*Canned pork and beef luncheon roll*	
215–1949.....	Ingemaakte bees-en-varkrol/*Canned beef and pork luncheon roll*	
216–1949.....	Ingemaakte hamrol/*Canned ham roll*.....	
217–1949.....	Ingemaakte ham-en-beesrol/*Canned ham and beef roll*	—
218–1949.....	Ingemaakte lewerrol/*Canned liver roll*.....	—
252–1950.....	Ingemaakte eetbare reusel (suiwer varkvet)/*Canned edible lard*	Die volgende is gewysig:— Titel, bestek, woordbepaling, houers, vereistes in verband met verpakking en verwerking, etikettering en metodes vir die bepaling van die vakuum en netto gewig van inhoud en metodes vir mikrobiologies ondersoek. *The following have been amended:— Title, scope, definitions, containers, packaging and processing requirements, labelling and methods for the determination of acuum and net weight of contents and methods of microbiological examination.*

Die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde het verder besluit dat alle houers van permitte om die S.A.B.S.-ellips-standaardmerk op bogenoemde produkte aan te bring, indien hulle so verkies, onmiddellik mag voortgaan met die vervaardiging, produksie, verwerking of behandeling van die produkte ooreenkomstig die gewysigde spesifikasies, en verder dat die betrokke standaardmerk elk geval nie meer van toepassing sal wees ten opsigte van die oorspronklike spesifikasies na 31 Desember 1952, nie.

Persone wat eksemplare van die oorspronklike spesifikasies besit, kan op aanvraag, kosteloos en posvry, afskrifte van die wysigingsstrokies by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Privaatsak 191, Pretoria, kry.

The Council of the South African Bureau of Standards further resolved that all holders of permits to apply the S.A.B.S.-ellipse standardization mark to the above commodities, may, if they so desire, proceed immediately to manufacture, produce, process or treat the products in accordance with the amended specifications, and furthermore that the standardization mark shall in any case cease to be applicable in respect of the original specifications after the 31st of December 1952.

Persons in possession of copies of the original specifications may on application obtain gratis copies of the amendment slips, post free, from the South African Bureau of Standards, Private Bag 191, Pretoria.

✱ No. 1897.] [22 Augustus 1952.

RAAD VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, kragtens artikel *veertien* (6) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig deur die Wysigingswette op Standaarde, 1948 (Wet No. 19 van 1948) en 1951 (Wet No. 33 van 1951), met die Minister van Ekonomiese Sake se goedkeuring, die volgende gelde ten opsigte van permitte om die standaardmerk op handelsware aan te bring, vasgestel het:—

✱ No. 1897.] [22 August 1952.

COUNCIL OF THE SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS.

It is hereby notified for general information that the Council of the South African Bureau of Standards has, in terms of section *fourteen* (6) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended by the Standards Amendment Acts, 1948 (Act No. 19 of 1948) and 1951 (Act No. 33 of 1951), with the approval of the Minister of Economic Affairs, determined the following fees in respect of permits to apply the standardization mark to the commodities mentioned:—

S.A.S.S.-spesifikasie. *S.A.S.S. Specification.*	Kort titel. *Short Title.*	Eenheid. *Unit.*	Jaargeld per eenheid bereken tot die naaste kwarteenheid. *Annual Fee per Unit calculated to the nearest Quarter Unit.*
			£ s. d.
204–1950.....	Pype en rioolonderdele van met sout geglasuurde erdewerk/*Salt glazed ware pipes and drain fittings*	10,000 pype of onderdele/ *pipes or fittings*	3 0 0

✱ No. 1898.] [22 Augustus 1952.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Ekonomiese Sake behaag het om kragtens artikel *veertien* (6) van die Wet op Standaarde, 1945 (Wet No. 24 van 1945), soos gewysig deur die Wysigingswet op Standaarde, 1948 (Wet No. 19 van 1948), en die Wysigingswet op Standaarde, 1951 (Wet No. 33 van 1951), goed te keur dat die volgende gelde aan die tarief, soos in die Bylae van die regulasies onder genoemde Wet uiteengesit en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1029 van 14 Mei 1948, toe te voeg.

Spesifikasie Nr. S.A.B.S.	Kort titel.	Eenheid.	Jaargeld per eenheid bereken tot die naaste kwart eenheid.
			£ s. d.
230–1950	Skoonmaakmiddels (seep-basis) vir teëls, graniet, terazzo en marmervloere	20,000 lb.	1 0 0
231–1950	Skoonmaakmiddels (seep-basis) vir blink gepolyste marmeroppervlakke	20,000 lb.	1 0 0
232–1950	Skoonmaakmiddels vir gebruik in meganiese skottelgoedwastoestelle	20,000 lb.	1 0 0
234–1950	Skuurmiddels (seep-basis) vir growwe werk	20,000 lb.	1 0 0
315–1951	Dekstran in 'n fisiologiese oplossing vir intraveneuse toediening	1,000 bottels	33 6 8

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

✱ No. 1874.] [4 Augustus 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 102.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

(1) „ Cmeha ", No. 22 van 1951.

(2) „ Pin Ups ", deur Bernard van Hollywood.

(3) „ Photoplay Pin Ups ", Luukse Uitgawe.

(4) „ True Life Crime Stories ", in Groot-Brittanje gedruk en gepubliseer deur Hamilton & Kie. (Stafford), Bpk., 1 en 2 Melville Court, Goldhawk Weg, Londen, W. 12.

(5) „ True Life Confidences ", gedruk en gepubliseer deur dieselfde firma soos by (4) hierbo.

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag geen uitgawe van vermelde publikasies derhalwe in die Unie ingevoer word nie, en elkeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg, ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuildigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twee honderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

✱ No. 1898.] [22 August 1952.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Economic Affairs has been pleased to approve, in terms of section *fourteen* (6) of the Standards Act, 1945 (Act No. 24 of 1945), as amended by the Standards Amendment Act, 1948 (Act No. 19 of 1948), and the Standards Amendment Act, 1951 (Act No. 33 of 1951), the addition of the following fees to the tariff set forth in the Schedule to the regulations framed under the said Act and promulgated under Government Notice No. 1029 of the 14th May, 1948.

Specification No. S.A.B.S.	Short Title.	Unit.	Annual Fee per Unit calculated to the nearest Quarter Unit.
			£ s. d.
230–1950	Cleaners (soap base) for tile, granite, terazzo and marble floors	20,000 lb.	1 0 0
231–1950	Cleaners (soap base) for highly polished marble surfaces	20,000 lb.	1 0 0
232–1950	Detergent for mechanical dishwashing equipment	20,000 lb.	1 0 0
234–1950	Scouring compound (soap base), heavy duty	20,000 lb.	1 0 0
315–1951	Dextran saline intravenous	1,000 bottles	33 6 8

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

✱ No. 1874.] [4 August 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 102.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, objectionable or obscene:—

(1) " Cmeha ", No. 22 of 1951.

(2) " Pin Ups ", by Bernard of Hollywood.

(3) " Photoplay Pin Ups ", de Luxe Edition.

(4) " True Life Crime Stories ", printed in Great Britain and published by Hamilton & Co. (Stafford), Ltd., 1 and 2 Melville Court, Goldhawk Road, London, W. 12.

(5) " True Life Confidences ", printed and published by the same firm as (4) above.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers, or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

✱ No. 1881.] [9 Augustus 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 103.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

(1) „ Texhnka—Movorexn ", No. 1 van 1952.
(2) „ Quiz ", Februarie 1952.
(3) „ Quiz ", Maart 1952.
(4) „ Wolf Song ", deur Harvey Fergusson.
(5) „ The Canadian Tribune ", uitgawes van 21 Januarie, 7 April, 14 April en 21 April 1952.
(6) „ Thunderbird Trail ", No. 17, deur William Colt MacDonald.
(7) „ Master of the Mesa ", No. 26, deur William Colt MacDonald.
(8) „ Feud at Silver Bend ", No. 36, deur J. E. Grinstead.

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie, en elkeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg, ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twee honderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

✱ No. 1881.] [9 August 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 103.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, objectionable or obscene:—

(1) " Texhnka—Movorexn ", No. 1 of 1952.
(2) " Quiz ", February, 1952.
(3) " Quizz ", March, 1952.
(4) " Wolf Song ", by Harvey Fergusson.
(5) " The Canadian Tribune ", 21st January, 7th April, 14th April and 21st April, 1952, issues.
(6) " Thunderbird Trail ", No. 17, by William Colt MacDonald.
(7) " Master of the Mesa ", No. 26, by William Colt MacDonald.
(8) " Feud at Silver Bend ", No. 36, by J. E. Grinstead.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers, or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

✱ No. 1882.] [9 Augustus 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 105.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

(*a*) „ Tradycjach—Z.M.P."
(*b*) „ O Pochodzeniu Sycia Na Ziemi."
(*c*) „ Nasze Kolo Pracuje ", No. 12 (28) van 1950.
(*d*) „ Pokoj Zwycieza ", No. 11 van 1950.
(*e*) „ U Zrodel Wrzesnia ", 1939, deur Wiktor Grosz.
(*f*) „ Nasze Kolo Pracuje ", No. 3 (31) van 1951.
(*g*) „ Tworczosc van 1951."
(*h*) „ Na Drodze Przemian ", 1950.
(*i*) „ Horyzonty Techniki ", No. 4 (32) van 1951.

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie, en elkeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg, ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twee honderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

✱ No. 1882.] [9 August 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 105.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, objectionable or obscene:—

(*a*) " Tradycjach—Z.M.P."
(*b*) " O Pochodzeniu Sycia Na Ziemi."
(*c*) " Nasze Kolo Pracuje ", No. 12 (28) of 1950.
(*d*) " Pokoj Zwycieza ", No. 11 of 1950.
(*e*) " U Zrodel Wrzesnia ", 1939, by Wiktor Grosz.
(*f*) " Nasze Kolo Pracuje ", No. 3 (31) of 1951.
(*g*) " Tworczosc of 1951."
(*h*) " Na Drodze Przemian 1950."
(*i*) " Horyzonty Techniki ", No. 4 (32) of 1951.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers, or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

✱ No. 1883.] [9 Augustus 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 106.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

(*a*) „National Guardian" (nuusblad), New York, Vol. 4, No. 14 van 23 Januarie 1952.
(*b*) „News", No. 3 van Februarie 1952, gepubliseer deur „Trud".

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie, en elkeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg, ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twee honderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

✱ No. 1884.] [9 Augustus 1952.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN WET OP VREEMDELINGE, 1937: AMOD NA BOORANY.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Suliman Essop Amod, woonagtig te Dertiendestraat 30, Vrededorp, Johannesburg, te magtig om die van Boorany aan te neem.

✱ No. 1885.] [8 Augustus 1952.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN WET OP VREEMDELINGE, 1937: SZCZESNY NA CHESNY.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Henry Roland Szczesny, en sy vrou, Ilse Marie Szczesny, woonagtig te Clarendon Heights-woonstel 805, hoek van Bruce- en Twiststraat, Johannesburg, te magtig om die van Chesny aan te neem.

✱ No. 1908.] [9 Augustus 1952.

NAAMSVERANDERING — ARTIKEL *NEGE* VAN VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—ROSEN NA ROSE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Kenneth Rosen en sy vrou, Daphne Sheffield Rosen, woonagtig te Dorchester Mansions 26, Rissikstraat, Johannesburg, te magtig om die van Rose aan te neem.

✱ No. 1883.] [9 August 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 106.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, objectionable or obscene:—

(*a*) "National Guardian" (newspaper), New York, Vol. 4, No. 14, of 23rd January, 1952.
(*b*) "News", No. 3 of February, 1952, published by "Trud".

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers, or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

✱ No. 1884.] [9 August 1952.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937: AMOD TO BOORANY.

It is hereby notified for general information thas His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Suliman Essop Amod, residing at 30 Thirteenth Street, Vrededorp, Johannesburg, to assume the surname Boorany.

✱ No. 1885.] [7 August 1952.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937.—SZCZESNY TO CHESNY.

It is hereby notified for general information thas His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Henry Roland Szczesny, and his wife, Ilse Marie Szczesny, residing at Clarendon Heights, Flat 805, corner Bruce and Twist Streets, Johannesburg, to assume the surname Chesny.

✱ No. 1908.] [9 August 1952.

CHANGE OF NAME—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937.—ROSEN TO ROSE.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Kenneth Rosen and his wife Daphne Sheffield Rosen, residing at 26 Dorchester Mansions, Rissik Street, Johannesburg, to assume the surname Rose.

✱ No. 1909.] [9 Augustus 1952.

NAAMSVERANDERING — ARTIKEL *NEGE* VAN VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—BAND NA BECK.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Cyril Band, woonagtig te Astra Court 3, Musgrave-weg, Durban, te magtig om die van Beck aan te neem.

✱ No. 1910.] [9 Augustus 1952.

NAAMSVERANDERING — ARTIKEL *NEGE* VAN VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937.—BROOKSTONE NA SHEVEL.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Selwyn Brookstone, woonagtig te Deanelaan 25, Bloemfontein, te magtig om die van Shevel aan te neem.

✱ No. 1911.] [11 Augustus 1952.

AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935. — JOHANNESBURG COMMERCIAL HIGH SCHOOL.

Kragtens subartikel (1) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Hoof-uitvoerende Beampte van die Johannesburg Commercial High School, Johannesburg, aansoek gedoen het om registrasie van die inrigting se naam. Enigeen wat geraak word of moontlik geraak sal word en wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak, kan dit binne drie maande vanaf die datum van hierdie gennisgewing doen op die voorgeskrewe vorm wat by die Sekretaris van Binnelandse Sake, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar is.

Naam.—Johannesburg Commercial High School.

✱ No. 1912.] [11 Augustus 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 107.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

(1) „Step Softly Sweetheart", deur Rod Callahan.
(2) „Yesterday I Died", deur John Cooper.
(3) „Call Girl", deur Gail Jordan.
(4) „The Barbary Coast", deur Herbert Asbury.
(5) „Cavalcade", Oktober en November 1951.
(6) „Adam", Oktober en November 1951.

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie, en enigeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

✱ No. 1909.] [9 August 1952.

CHANGE OF NAME—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937.—BAND TO BECK.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Cyril Band, residing at 3 Astra Court, Musgrave Road, Durban, to assume the surname Beck.

✱ No. 1910.] [9 August 1952.

CHANGE OF NAME—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937.—BROOKSTONE TO SHEVEL.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Selwyn Brookstone, residing at 25 Deane Avenue, Bloemfontein, to assume the surname Shevel.

✱ No. 1911.] [11 August 1952.

APPLICATION FOR REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—JOHANNESBURG COMMERCIAL HIGH SCHOOL.

It is hereby notified for general information in terms of sub-section (1) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), that the Chief Executive Officer of the Johannesburg Commercial High Slhool, Johannesburg, has applied for the registration of the name of the institution. Any person affected, or likely to be affected, who desires to raise objections to the application may do so within three months of the date of this notice on the prescribed form obtainable from the Secretary for the Interior, Union Buildings, Pretoria.

Name.—Johannesburg Commercial High School.

✱ No. 1912.] [11 August 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 107.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, objectionable or obscene:—

(1) "Step Softly Sweatheart", by Rod Callahan.
(2) "Yesterday I Died", by John Cooper.
(3) "Call Girl", by Gail Jordan.
(4) "The Barbary Coast", by Herbert Asbury.
(5) "Cavalcade", October and November, 1951.
(6) "Adam", October and November, 1951.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Cuctoms Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

✱ No. 1913.] [11 Augustus 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 108.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

(*a*) „The Common Program and Other Documents of The First Plenary Session of The Chinese People's Political Consultative Conference."
(*b*) „The October Revolution and The Tactics of The Russian Communists", deur J. Stalin.
(*c*) „China's Railways. A Story of Heroic Reconstruction."
(*d*) „From Struggle to Victory."
(*e*) „Two Tactics of Social-Democracy in the Democratic Revolution", deur V. I. Lenin.
(*f*) „Rhymes of Li Yu-Tsai and Other Stories", deur Chao Shu-Li.
(*g*) „On The Party", deur Liu Shao-Chi.
(*h*) „Chinese Women in 1950."
(*i*) „The Trial of József Grösz and His Accomplices."
(*j*) „The Moving Force", deur Tsao Ming.
(*k*) „The People's New Literature", deur verskillende skrywers.
(*l*) „History of The Communist Party of The Soviet Union."

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie, en enigeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

✱ No. 1914.] [11 Augustus 1952.

DOEANEWET, 1944.—AANSTOOTLIKE LITERATUUR.

LYS No. 109.

Kragtens subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944 (Wet No. 35 van 1944), verklaar ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, dat onderstaande publikasies onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

(*a*) „New China—Friend or Foe?", deur Alun Falconer.
(*b*) „The Roots of Prejudice", deur Arnold Rose.
(*c*) „The Truth About American Diplomats", deur Annabelle Bucar.
(*d*) „Ceylon News and Views"—Julie 1951.
(*e*) „Don't Fall Sucker", deur Rex Richards.
(*f*) „Everything is Quite All Right", deur Wendell Wilcox.
(*g*) „Bedtime at Eleven", deur Norman Robson.
(*h*) „Death for a Tough Guy", deur Timothy Trenton.
(*i*) „Hell Ain't So Hot", deur Timothy Trenton.

Ingevolge subartikel (2) van artikel *een-en-twintig* van die Doeanewet, 1944, mag vermelde publikasies derhalwe nie in die Unie ingevoer word nie, en enigeen wat 'n eksemplaar van genoemde publikasies verkoop, te koop aanbied of vir verkoop hou of versprei of vertoon, pleeg ingevolge artikel *honderd drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd pond of met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande, of met sowel die boete as die gevangenisstraf.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

✱ No. 1913.] [11 August 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 108.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, objectionable or obscene:—

(*a*) "The Common Program and Other Documents of The First Plenary Session of The Chinese People's Political Consultative Conference."
(*b*) "The October Revolution and The Tactics of The Russian Communists" by J. Stalin.
(*c*) "China's Railways. A Story of Heroic Reconstruction."
(*d*) "From Struggle to Victory."
(*e*) "Two Tactics of Social-Democracy in The Democratic Revolution", by V. I. Lenin.
(*f*) "Rhymes of Li Yu-Tsai and Other Stories", by Chao Shu-Li.
(*g*) "On The Party", by Liu Shao-Chi.
(*h*) "Chinese Women in 1950."
(*i*) "The Trial of József Grösz and His Accomplices."
(*j*) "The Moving Force", by Tsao Ming.
(*k*) "The People's New Literature", by various authors.
(*l*) "History of The Communist Party of The Soviet Union."

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Cuctoms Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

✱ No. 1914.] [11 August 1952.

CUSTOMS ACT, 1944.—OBJECTIONABLE LITERATURE.

LIST No. 109.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Customs Act, 1944 (Act No. 35 of 1944), I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, declare the undermentioned publications to be indecent, objectionable or obscene:—

(*a*) "New China—Friend or Foe?", by Alun Falconer.
(*b*) "The Roots of Prejudice", by Arnold Rose.
(*c*) "The Truth About American Diplomats", by Annabelle Bucar.
(*d*) "Ceylon News and Views"—July, 1951.
(*e*) "Dont' Fall Sucker", by Rex Richards.
(*f*) "Everything is Quite All Right" by Wendell Wilcox.
(*g*) "Bedtime at Eleven", by Norman Robson.
(*h*) "Death for a Tough Guy", by Timothy Trenton.
(*i*) "Hell Ain't So Hot", by Timothy Trenton.

In terms of sub-section (2) of section *twenty-one* of the Cuctoms Act, 1944, the said publications are, therefore, prohibited from importation into the Union, and any person who sells, offers or keeps for sale or distributes or exhibits any of the publications shall, in terms of section *one hundred and thirty-three* of the said Act, be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or to imprisonment without the option of a fine for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and imprisonment.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

✱ No. 1886.] [22 Augustus 1952.

TOEKENNING VAN DIE DEKORASIE VIR BEKWAAMHEID.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 987 van 21 Junie 1940, soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die toekenning vandie Dekorasie vir Bekwaamheid aan ondergenoemde offisiere van die Unie-Verdedigingsmag:—

Suid-Afrikaanse Artillerie.
Kaptein Ernest David Horn.
The Queen's Own Cape Town Highlanders.
Majoor Denzil Mervyn Loveland.
Algemene Lys, Aktiewe Burgermag (Afdeling Kadette).
Luitenant Willem Henry Jacobus Punt.
Algemene Dienskorps.
No. voorheen 66386 luitenant-kolonel Carol Lewis Parkin, D.S.O., M.C.
Administratiewe Dienskorps.
Luitenant Johannes Lodewyk Schoeman.

✱ No. 1887.] [22 Augustus 1952.

TOEKENNING VAN DIE MEDALJE VIR BEKWAAMHEID.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-Generaal-in-rade behaag om, kragtens die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 988 van 21 Junie 1940, soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die toekenning van die Medalje vir Bekwaamheid aan ondergenoemde lede en gewese lede van die Unie-Verdedigingsmag:—

Stafkorps (V).
No. voorheen 106016 majoor (effektiewe oorlogsrang) (tans majoor in Suid-Afrikaanse Staande Mag) Jan Harmse Burger, O.B.E.
No. voorheen 21427 kaptein Eric Gordon Treyvellan.
Suid-Afrikaanse Artillerie.
No. A.3655 adjudant-offisier, klas II, Stanley Arthur Harrison.
No. voorheen 109175 luitenant (effektiewe oorlogsrang) (tans kaptein in Suid-Afrikaanse Staande Mag) Winton Mortimer Gibbs.
Suid-Afrikaanse Lugmag.
No. voorheen 113330 luitenant (effektiewe oorlogsrang) (tans No. P. 8470 vlugsersant in Suid-Afrikaanse Staande Mag) William Charles Henry Corby.
No. voorheen 103390 luitenant (effektiewe oorlogsrang) Dudley Lindsay Lamont.
Suid-Afrikaanse Pantserkorps.
No. voorheen 74869 luitenant (effektiewe oorlogsrang) Patrick William Wallace Sleigh.
No. voorheen 4539 kavalleris Alexander Robert Anstruther Smith.
The Royal Natal Carbineers.
No. A.4518 adjudant-offisier, klas I, Marcus David Leonard Johnston.
The Royal Durban Light Infantry.
No. voorheen 7011 sersant James John Christian Schorn.
Duke of Edinburgh's Own Rifles.
No. A.5189 musikant Thomas William Colley.
The Queen's Own Cape Town Highlanders.
No. A.4201 stafsersant Richard William Rose.
Suid-Afrikaanse Genie.
No. voorheen 213725 kaptein (effektiewe oorlogsrang) Arthur William Wynn.
„K"-Dienskorps.
No. voorheen 26477 stafsersant Solly Sischy.
Tegniese Dienskorps.
No. voorheen 226729 manskap (tans No. P.9237 onderkorporaal in Suid-Afrikaanse Staande Mag) Albert Louvain Williams.
No. voorheen 690 manskap John Henry Hamilton.
Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens.
No. voorheen 28624 adjudant-offisier, klas II, Redvers Willie Bayne.
Suid-Afrikaanse Korps Militêre Polisie.
No. voorheen 86926 stafsersant Barend Johannes Nienaber.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

✱ No. 1886.] [22 August 1952.

AWARD OF THE EFFICIENCY DECORATION.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased to approve, in terms of the Regulations published under Government Notice No. 987 of the 21st June, 1940, as amended, of the award of the Efficiency Decoration to the undermentioned officers of the Union Defence Forces:—

South African Artillery.
Captain Ernest David Horn.
The Queen's own Cape Town Highlanders.
Major Denzil Mervyn Loveland.
General List, Active Citizen Force (Cadet Section).
Lieutenant Willem Henry Jacobus Punt.
General Services Corps.
Ex-No. 66386 Lieutenant-Colonel Carol Lewis Parkin, D.S.O., M.C.
Administrative Services Corps.
Lieutenant Johannes Lodewyk Schoeman.

✱ No. 1887.] [22 August 1952.

AWARD OF THE EFFICIENCY MEDAL.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased to approve, in terms of the Regulations published under Government Notice No. 988 of the 21st June, 1940, as amended, of the award of the Efficiency Medal to the undermentioned members and ex-members of the Union Defence Forces:—

Staff Corps (V).
Ex-No. 106016 War Substantive Major (now Major in South African Permanent Force) Jan Harmse Burger, O.B.E.
Ex-No. 21427 Captain Eric Gordon Treyvellan.
South African Artillery.
No. A. 3655 Warrant Officer, Class II, Stanley Arthur Harrison.
Ex-No. 109175 War Substantive Lieutenant (now Captain in South African Permanent Force) Winton Mortimer Gibbs.
South African Air Force.
Ex-No. 113330 War Substantive Lieutenant (now P. 8740 Flight Sergeant in South African Permanent Force) William Charles Henry Corby.
Ex-No. 103390 War Substantive Lieutenant Dudley Lindsay Lamont.
South African Armoured Corps.
Ex-No. 74869 War Substantive Lieutenant Patrick William Wallace Sleigh.
Ex-No. 4539 Trooper Alexander Robert Anstruther Smith.
The Royal Natal Carbineers.
Ex-No. A.4518 Warrant Officer, Class I, Marcus David Leonard Johnston.
The Royal Durban Light Infantry.
Ex-No. 7011 Sergeant James John Christian Schorn.
Duke of Edinburgh's Own Rifles.
No. A.5189 Bandsman Thomas William Colley.
The Queen's Own Cape Town Highlanders.
No. A.4201 Staff Sergeant Richard William Rose.
South African Engineer Corps.
Ex-No. 213725 War Substantive Captain Arthur William Wynn.
"Q" Services Corps.
Ex-No. 26477 Staff Sergeant Solly Sischy.
Technical Services Corps.
Ex-No. 226729 Private (now No. P. 9237 Lance Corporal in South African Permanent Force) Albert Louvain Williams.
Ex-No. 690 Private John Henry Hamilton.
South African Medical Corps.
Ex-No. 28624 Warrant Officer, Class II, Redvers Willie Bayne.
South African Corps of Military Police.
Ex-No. 86926 Staff Sergeant Barend Johannes Nienaber.

✱ No. 1907.] [22 Augustus 1952.

TOEKENNING VAN DIE MEDALJE VIR VOORTREFLIKE DIENS.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 107 van 18 Januarie 1929, sy goedkeuring te heg aan die toekenning van die Medalje vir Voortreflike Diens aan ondergenoemde gewese lid van die Suid-Afrikaanse Staande Mag:—

No. voorheen P.1696 adjudant-offisier, kas I, Johan Adam Cloete, Suid-Afrikaanse Korps Militêre Polisie.

✱ No. 1907.] [22 August 1952.

AWARD OF THE MERITORIOUS SERVICE MEDAL.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased to approve, in terms of the regulations published under Government Notice No. 107 of the 18th January, 1929, of the award of the Meritorius Service Medal to the undermentioned ex-member of the South African Permanent Force:—

Ex-No. P.1696 Warrant Officer, Class I, Johan Adam Cloete, South African Corps of Military Police.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

✱ No. 1871.] [22 Augustus 1952.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944 (SOOS GEWYSIG).

MEGANIESE INGENIEURSNYWERHEID, TRANSVAAL.

(1) INTREKKING VAN BEDRYF, (2) AANWYSING VAN BEDRYF EN (3) VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944 (Wet No. 37 van 1944, soos gewysig), gee ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, kennis dat ek—

(1) die ambag messelwerk (vuurvaste werk) intrek as 'n aangewese ambag vir die Meganiese Ingenieursnywerheid in die gebied waarvoor die Komitee vir Vakleerlingskap vir genoemde nywerheid ingestel is;

(2) die ambag van messelaar (vuurvas en/of chemies) aanwys in die nywerheid en in die gebied hierbo vermeld as 'n ambag waarop die bepalings van genoemde Wet ten opsigte van Vakleerlingskap van toepassing is;

(3) die voorwaardes voorskryf soos vervat in Goewermentskennisgewing No. 952 van 7 Mei 1948 betreffende vereistes om met leerlingskap te begin, termyn van leerlingskap, getal vakleerlinge, loonskale, onderwysklasse wat gevolg moet word en betaling van klas- of kursus- en eksamengeld, benewens die volgende voorwaarde van leerlingskap in die ambag messelaar (vuurvas en/of chemies) in die Meganiese Ingenieursnywerheid in die Provinsie Transvaal:—

„ OPLEIDINGSKURSUSSE.

Elke werkgewer van 'n leerlingmesselaar (vuurvas en/of chemies) moet aan so 'n vakleerling die volgende opleiding verskaf:—

